


# BOEKE WAT JOU LAAT NADINK

Geskiedenis, politiek en finansiële sake verdien dié week 'n plek op jou leeslys. 'n Paar indrukwekkende boeke het onlangs uit die pen van gesoute skrywers verskyn.




## SKELMS DEUR DIE TYE

***Rogues' Gallery* – *An Irreverent History of Corruption in South Africa, from the VOC to the ANC* deur Matthew Blackman en Nick Dall. Uitgewer: Penguin Random House. Prys: R290.**

Dink maar weer as jy onder die indruk is korrupsie in Suid-Afrika het eers onder die apartheidsregering of onder oudpres. Jacob Zuma en sy trawante kop uitgesteek. Matthew Blackman en Nick Dall skryf in hul jongste boek onder-die-tafel-transaksies, uitgeslape skelms en baantjies vir boeties is so oud soos Suid-Afrika self.

Dalk was Zuma oor een ding reg: Die probleem hét begin toe Jan van Riebeeck hier aangekom het! Hy het immers aan die Kaap beland omdat hy glo sy magsposisie misbruik het om homself te bevorder (hy's tegnies nooit skuldig bevind nie – iets wat vandag ook gebeur).

Mense soos Willem Adriaan van der Stel, Cecil John Rhodes en Paul Kruger verdien almal 'n plek in die galery vir skurke, saam met die hedendaagse skobbejakke.

Grond, goud en mag is maar net 'n paar van die redes wat dié mense tot hul vergrype gedryf het. As dit nie so tragies was nie, kon dit snaaks wees dat bykans alles waaraan Zuma hom na bewering skuldig gemaak het, reeds in die verlede gebeur het.

Van der Stel het byvoorbeeld die grond waarop hy die plaas Vergelegen gebou het, verniet gekry. Hy het boonop die VOC se arbeid, saad en vee tot sy eie voordeel aangewend. Hoor ek iemand "Nkandla" sê?

Net so het die Broederbonders ook al te graag Eskom-transaksies aan hul stalgenote gegee – Zuma en die Guptas was nie die eerste om dít te doen nie.

Oneerbiedig en vermaaklik, waarborg die flapteks, en die leser kan maar weet dis wat op hom of haar wag as hulle dié boek oopmaak. Korrupsie was duidelik nog altyd met ons, en politici se streke het deur die eeue nie veel verander nie.

## GRONDKWESSIES

***Land Matters* – *South Africa's Failed Land Reforms and the Road Ahead* deur Tembeka Ngcukaitobi. Uitgewer: Penguin Random House. Prys: R280.**

Advokaat, akademikus en skrywer Tembeka Ngcukaitobi wend 'n baie ambisieuse poging aan om die vraag te probeer beantwoord waaroor almal wonder: Waarom is grondhervorming só 'n mislukking in Suid-Afrika?

Met dié boek probeer hy lig werp op een van die ingewikkeldste en dringendste kwessies in die land.

Ngcukaitobi takel die onderwerp in verskeie dele. In die eerste deel probeer hy 'n dieper begrip skep vir die aard van onteiening onder die koloniale en apartheidsera en hoe die destydse grondbesitstelsels